

SOJA: NUWE KULTIVAR HET 5% MEER PROTEÏEN

Wetenskaplikes aan die Universiteit van Arkansas in Amerika het 'n nuwe sojaboonkultivar met 'n hoër proteïenvlak ontwikkel – en

dít sonder genetiese manipulasie.

Die nuwe kultivar, UA5814HP, bevat sowat 45,5% proteïen. Voermeel wat daarvan gemaak word, bevat ongeveer 52,6% proteïen. Die proteïen-inhoud is nagenoeg 5% hoër as in ander sojabone. Met die hoër proteïen-inhoud belooft dit groter voeromsettingsdoeltreffendheid by enigiets van pluimvee

LINKS: Dié nuwe hoëproteïen-sojaboonkultivar wat in die Universiteit van Arkansas se teelprogram ontwikkel is, belooft hoër voerdoeltreffendheid.

FOTO: UNIVERSITEIT VAN ARKANSAS

en beeste tot akwakultuur. Dit word vir Amerika se sentrale tot suidelike state aanbeveel, en sal glo binnekort aan private maatskappye beskikbaar gestel word.

Dr. Penguin Chen, die afdeling se sojaboonteler, sê UA5814HP behoort dieselfde as konvensionele kultivars te kos, en het 'n relatief hoë opbrengspotensiaal. Dit is die afgelope vier jaar in Arkansas en op sewe suideliker proefplase geëvalueer.

Dit is 'n mediumlengte groeier, wat in proewe in Arkansas gemiddeld 41 dae gekos het om volwasse te word. In Arkansas was die gemiddelde opbrengs 58,8 skepels per akker (net onder 4 ton/ha), en op 'n hand vol proefplase verder suid 64,8 skepels per akker (byna 4,4 ton/ha) – GERRIT BEZUIDENHOUT.

BRON: <http://arkansasagnews.uark.edu/8285.htm>.